Deuteronomium 6:1-15; Efesiërs 5:1-5 Sondag 34

Jy moet die Here jou God alleen liefhê

Geliefdes,
Die eerste gebod is die fondament en grondslag van die hele wet. Dan kom ons teks – net nadat die wet herhaal is - en stel: "Luister Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here en jy mag nie ander gode aanhang nie." Toe Jesus op 'n keer gevra is wat die grootste gebod in die wet is, het Hy geantwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, verstand en krag. So loop die inleidende woorde van die Wet soos 'n goue draad deur die hele Skrif. – Ek en Ek alleen is die Here jou God…

Die uitlei van die volk uit die slawehuis van Egipte stel die verhouding waarin God met Israel staan. Sy liefde word aan hulle bewys deur hulle met sy krag en leiding uit Egipte te laat trek. In die verlossingsdaad word sy liefde bewys en nou eis Hy wederliefde – Jy mag geen ander gode voor my hê nie.

Skerp staan die woorde: Ek en jy. Die verbondsverhouding tussen God en Israel is soos 'n heilige huwelik, 'n liefdesverhouding. Maar dink nou daaraan dat Israel dit nou in die kop kon kry om hierdie verhouding te verbreek en agter ander gode aan te loop – hulle leer van Baal, Dagon…

In ons lewe kom dit daarop neer: Ons is deur Christus se kruisdood uit die slawediens van die sonde en die hande van Satan bevry. Die dood en die hel en die straf is in ons plek, uit liefde, vir ons betaal. Is dit dan nou denkbaar dat ons as verloste Christene ons rug op sy liefdesdaad sou draai en agter wêreldgode sou aanloop? Hoe is dit dan dat ons ons heil so baie keer op ander plekke gaan soek: Lotto, my werk, my status.
Daar staan 'n absolute in die Skrif: God is die enigste Here – Hy eis onverdeelde trou. Dit beteken dat ons getrou aan God moet wees en dat niks tussen ons en ons gehoorsaamheid aan God mag kom nie. Die kategismus onderstreep dit met woorde soos: alle, enig, ganser, allerminste. God word nie verniet in die tweede gebod 'n jaloerse God genoem nie.

Ons moenie soos Israel in die tyd van die konings wees nie. Hoe lank hink julle op twee gedagtes. As die Here God is, volg Hom en as dit Baal is, volg hom – Julle kan nie 2 gode dien nie. 'n Middeweg is daar nie. God eis dat ons Hom met 'n onverdeelde hart, en lewenswyse sal dien.

So beskou, is die eerste gebod die fondament van ons godsdiens. Sonder die eerste gebod, verval die wet. Sonder die eerste gebod wat nagekom word, is die ander ongeldig. Die onderhouding van al die ander gebooie word sinneloos die eerste gebod nie onderhou word nie.

Die positiewe kant van die gebod word vasgelê in die diens van die gelowige. Dit is dat ons God reg moet leer ken (profetiese amp), dat ons Hom moet vertrou en Hom moet liefhê (preisterlike amp) en dat ons Hom moet eer en gehoorsaam (koninklike amp).

Die laaste deel an ons antwoord dat ons van alles afsien wat nie my vertroue en hoop op God trek nie…

Daar kom omstandighede soos in die volk se swerwe in die woestyn, dat die gelowige om God se ontwil moet afsien van alles wat vir hom belangrik is. Dit kan jou huis, kar, inkomste, vriende, ja van alles wat 'n mens op aarde kan liefhê, wees.

Liewer dit doen, as om in die minste teen God se wil te handel. As dit is wat God van ons eis, word ons benoud. Maar dan gee Paulus vir ons die antwoord: "Ek is tot alles instaat deur Christus wat my krag gee."
AMEN